31 Julie 2016

# polsslag

Rom 12:2

## Gereformeerde Kerk Benoni

## VANDAG SE EREDIENSTE

***OGGENDDIENS***
***09:00***
***Dr. Braam Krüger***

***Skriflesing**: Mt 28: 16-20*
***Tema:** Is jy régtig 'n dissipel van Jesus?*

***LOF-EN AANBIDDINGSDIENS***
***17:00***
***DR Braam Krüger***

***Skriflesing:** Num 5: 31-41*
***Tema:** Wat doen jy om die Here te onthou?*

***AANDDIENS***
***18:30***
***Ds. Emile Naude***

***Skriflesing:** Mt 12:13*
***Tema:** Uitgedroog soos roosterbrood.*

***HARLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY VANDAG SE EREDIENSTE.***

### KNIELTYD - ONS GEE OM VIR MEKAAR

#### VERWELKOMING

- Harlik welkom aan die volgende lidmate wat met attestaat vanag GK die Bult aangekom het: Stefani Venter en Annelie van Niekerk.

#### MEELEWING:

- Ann Mackay se broer, Jo Visser is die week oorlede. Mag die Here vertroosting bring vir haar, familie en vriende

#### VOORBIDDING:

- Elma Jansen se seun, Hennie Jansen was tydens 'n kaping in die been geskiet.
- Kotie Haasbroek se pa is ernstig siek.
- Pieter Kotze het Donderdag toetse ondergaan om vas te stel of 'n gewas aan sy ingewande kwaadaardig is. Hy wag nog op die toetsuitslae.

*Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.*


**BERIGTE:**
polsslag@gkbenoni.co.za
**WEBBLAD:**
www.gkbenoni.co.za
**FACEBOOK:**
https://www.facebook.com/GKBenoni/

**PREDIKANTE:**
Dr. Braam Krüger
082 459 5636

Ds Louis Buys
082 927 2034

**ADMINKANTOOR:**
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
011 849 2054
084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

**GEMEENTE KOÖRDINEERDER**
Ronel Ritchie
011 849 6817
081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

# DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

| DAG | AKTIWITEIT | | LOKAAL | TYD |
|---|---|---|---|---|
| So. 31/08 | Gebedskamer<br>Peuter-kerk<br>Kleuterkerk<br>Katkisasie (graad 4 –7)<br>Katkisasie (graad 8-11) | Donsie Krüger<br>Anneke Salomons<br>Betsie Coetzee<br>Adri van Tonder<br>Adri van Tonder | Ou Moederskamer<br>Kerkhuis<br>Konsistorie<br>Onderskeie lokale<br>Onderskeie lokale | 08:00 - 09:00<br>09:00<br>Tydens erediens<br>Na oggenddiens<br>Na 5uur diens |
| Ma. 1/08 | Bybelstudie Rynpark 5 | Adri Goede | Rynpark 5 | 09:30 |
| Di. 2/08 | Koördineringsvergadering | | Konferensie lokaal | 09:00 |
| Do. 4/08 | DUST -hoërskooljeug byeenkoms | | Kerkhuis | 19:00 |
| Vry. 5/08 | Gebedsgroep<br>Mannebyeenkoms<br>Bybelstudie | Donsie Krüger<br>Schalk van Eeden<br>Braam Krüger | Konsistorie<br>Kerksaal<br>Konsistorie | 05:30 - 06:30<br>05:00 - 06:00<br>08:30 |

## VERJAARSDAE 31 Julie - 6 Augustus

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag en in die komende week verjaar.

| DAG | NAAM | KONTAK NR. |
|---|---|---|
| So. 31/07 | Cornelia Bakker<br>Frik Coetzer #<br>Jomo Lukas | 083 556 3028 |
| Ma. 1/08 | Judy Greyling *<br>Ria Venter | 072 826 0060<br>082 557 7198 |
| Di. 2/08 | Ivo de Lange<br>Andy Katz #<br>Heinrich Smit # | 083 630 2141 |
| Wo. 3/08 | Brandon Eveleigh<br>Gerbrandt Harmse #<br>Luca Marchand #<br>Agnes Snyman<br>Tom Stevens ** | 073 144 0265<br><br><br>082 084 3910 |
| Do. 4/08 | Heidi Greyling | 082 711 0942 |
| Vr. 5/08 | Marni Bakker #<br>Walter Buma | <br>082 449 2850 |
| Sa. 6/08 | Casper Bateman<br>Chivonique Claasen #<br>Gideon Hall (jnr.)<br>Lidia de Klerk<br>Melandri Schutte # | 083 365 0181<br><br>084 408 0624<br>076 330 2762 |

(# doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

***DIENSBEURTE:***

**OUDERLING aan diens:**

**VANDAG : Schalk Venter**

7 Augustus : Piet Bateman

**TEESKINK:**

**VANDAG :** Wyk A3

7 Aug : Wyk A6

## GKSA BEROEPENUUS

Beroepe ontvang:

- Prop R Janse van Rensburg(Regard) na Reitz/Lindley –kombinasie
- Ds. JG (Hannes) van Totiusdal na Wolmaransstad.



# DAGBOEK DATUMS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6 Aug | Victus Christi Mark | Schalk van Eeden | 082 561 9409 |
| 14 Aug | Massa Lof-&Aanbiddingsdiens | Dorel Weideman | 072 959 2943 |
| 17 Aug | Palms | Una Steyn | 083 309 4017 |
| 19 Aug | Biltongfees | Donsie Krüger | 084 627 2393 |
| 19 Aug | Jeugaksie | Otto Coetzer | 083 324 1459 |
| 21 Aug | Nagmaal & Nagmaalsete | Donsie Krüger | 084 627 2393 |
| 26 & 27 Aug | Missionale seminaar | Braam Krüger | 082 459 5636 |

## ***PAPIERBANK.***

Baie dankie aan almal wat gebruik maak van die papierbank op die perseel.

Ronnie en MPack het 'n tydskrif projek tot einde September. Hulle benodig meer tydskrifte, en dit word apart geweeg van die gewone papier.

Die wit sak langs die drom is vir die doel daar aangebring.

Bring asb al julle ou tydskrifte wat stof vergader saam met koerante en sit dit asb. netjies langs die drom neer. Ons het Hendrik ( die tuinwerker) gevra om dit te sorteer en die tydskrifte in die sak te sit tot die projek verby is.

Baie dankie vir almal se samewerking om die area langs die drom netjies te hou.

## ***BILTONGFEES***

Datum: 19 Augustus 2016
Plek : Kerkterrein
Kostes: Volwassenes & hoërskool kinders - R180.00
Laerskool kinders -R100.00 & voorskoolse kinders -R20.00

As jy dit graag wil bywoon en nie reeds by 'n tafel van 'n gasheer/gasvrou 'n plekkie het nie gee jou naam op by Ina Bolt by 084 339 1136
Ons verlang nog skenkings van wildsvleis, bees, konfyt en wyn. Laat weet asb vir Derik van Niekerk of Donsie Krüger as julle kan uithelp in die verband.
Ons hoop om julle almal daar te sien!

Donsie Krüger : 084 627 2393 /
Derik van Niekerk: 084 566 0004

## ***MISSIONALE SEMINAAR MET MALAN NEL***
## ***26 & 27 Augustus 2016***

Malan Nel is een van die toonaangewende praktiese teoloë in Suid-Afrika. Met Identity Driven Churches (2015) begrond hy sy kennis en insig sterk missionaal en rus hy die plaaslike teoloog en lidmaat toe vir die uitdagings rakende die ontwikkeling van missionale dimensies.
Malan Nel kom bied 'n seminaar by ons aan, en in samewerking met St Andrews Presbyterian Church om ons toe te rus met praktiese wenke en raad oor hoe om meer missionaal te wees.
Hy bevel aan dat almal wat die seminaar wil bywoon, eers die boek lees.
Almal wat die seminaar wil bywoon kan hulle name by Ronel Ritchie opgee, of julle kan aanlyn registreer op ons webwerf:
www. gkbenoni.co.za
Registrasie fooi is R50 vir beide dae.
Daar sal kindersorg op die perseel beskikbaar wees vir diegene met klein kinders.
Middagete vir Saterdag kan self voorsien word, of daar sal ietsie te koop aangebied word.
Die boek Identity Driven Churches kan by Ronel Ritchie bestel word teen R210.
Vir enige navrae, kontak:
Ronel Ritchie 081 218 3048

**A5 ADVERTENSIEBLAD "Die kollig"**

Dis amper weer tyd vir die volgende "kollig" uitgawe. Gratis advertensie en blootstelling van jou onderneming of dienste.
Vertel vriende en familie van ons gemeentelede se produkte of dienste, en so help ons mekaar.
Bewaar dit dan as toekomstige verwysing.
Stuur asb vir my die volgende sodat dit geplaas kan word in ons heel eerste blad, voor 18 Augustus:

**VEREISTES:**

1. Teks, nie meer as 100 woorde nie
2. Logo: as jy een het in hoë resolusie pdf. formaat.
3. Bestaande advertensie / besigheidskaartjie
4. Geen besigheid te klein of te groot nie.
5. Aanvanklik sal drukwerk in slegs een kleur gedoen word, ons sal later kyk na 'n mooi volkleur blad.
6. Geen kostes verbonde aan die advertensie nie.

Ek sien uit om van ons sakemanne en sakevroue te hoor.

Ronel Ritchie
ronel@gkbenoni.co.za

**KOLLEKTES:**

**Kollektes 24 Julie 2016:**

Diens van Barmhartighid: R10 235.90
Emeritaatsversorging: R2096.60
Jeug: R 137

**Vandag:**

Onder die diens **:** Barmhartigheid
By die deure: Bybelgenootskap van SA

**Volgende week: Jeugsorg**

***BYBELVASVRA***

Verlede week 24 Julie 2016 se antwoord:
1 Sam 18: 27

" Dawid het nie tyd verspeel nie, maar klaargemaak en hy en sy manskappe het twee honderd Filistyne gaan doodmaak. Dawid het hulle voorhuide gebring, en die is almal aan die koning oorhandig sodat Dawid die koning se skoonseun kon word. Saul het sy dogter Mikal aan hom gegee as vrou. "

Die volgende lesers het antwoorde ingestuur:
Martie Gibson; Gerda de Jager; Klein de Kock; Una Steyn; Steffi Venter; Phia Venter

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" As u dit goedvind, vaardig 'n proklamasie uit om hulle uit te roei. Ek sal dan ???? ??????? ?????? ??????? ??? ?????? lewer aan u ontvangersvan inkomste om dit in die skatkis te plaas."

**Vraag:** Hoeveel en wat het Haman vir Koning Ahasveros aangebied vir 'n proklamasie om al die Jode uit te roei?

Lees gerus Ester en noem wat Haman vir Koning Ahasveros aangebied het en noem die vers waar dit staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173**.**

**GK-BENONI KERKKANTOOR URE:**

**Ma - Wo en Vrydae 09:00 –14:00 Ina Bolt**
**084 339 1136 / 011 849 2054**
**Donderdae 09:00 –13:00 Ronel Ritchie**

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

**BANKBESONDERHEDE:**

BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYS : Volle Naam, Van & Doel

**Of SNAPSCAN:**

Barmhartigheid

Deur kollekte